BOUFONDS

Indien u 'n vrywillige bydrae tot die boufonds vir die uitbreiding van die kerkkompleks wil maak:

Deponeer by ABSA / doen 'n internet-betaling / betaal in by kerkkantoor / plaas in koevert en plaas in kollektesakkie:
Merk: "**BOUFONDS**"

Bank:	ABSA
Rekeningnommer:	**3220 150 320** (Tjekrekening)
Taknaam:	**Kleinmond** (Kode: 632 005)
Rekeningnaam:	**NG Gemeente Kleinmond**

AANDAG EMERITI: EMERITI-TEE

Alle emeriti en hul gades word uitgenooi om op Donderdag 8 November by die NG Gemeente Helderberg saam te kuier. U word ook genooi as u in 'n ander sinode werksaam was. Antwoord teen einde Oktober by Sanet Gunter: 021 957 7155 of per e-pos: skriba@kaapkerk.co.za

HANGKLIP HOU BASAAR:
SATERDAG 3 NOVEMBER

As daar nog lidmate is wat wil help, kan hulle gerus hul dienste by ds Sass aanbied. Hy's voorsitter van die basaarkomitee.

VEILING

Ds Sass benodig artikels wat hy kan opveil.
ENIGE IRMA STERN OF PIERNEEF IS WELKOM
Bel 0723528347

WIT OLIFANT

WOLFGANG STEINBACH vra enige bruikbare huisartikels vir die Wit olifant-tafel. Hy sal dit kom haal. Bel hom 0828236821.

KOEKSISTERS

Sophie Taljaard bekend vir haar heerlike koeksisters neem bestellings. R20 per dosyn. Bel haar by 0827760513

WILDSWORS

Daar is nog 'n paar kg beskikbaar teen R40 vir 500g

DIE KERKKLOK

DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

S Sass 072 352 8347
sassteven@hotmail.com

CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

30 September 2018

Welkom by die Erediens

09:00 Hangklip - Ds. Jannie Hougaard
09:30 Kerkgebou - Dr. Chris Malan

Deurkollekte: Plaaslike Onderwysfonds

Eredienste Sondag 7 Oktober 2018

09:00 Hangklip
09:30 Kerkgebou

Deuroffer: Bediening aan die Jode

BYBELSKOOL

Daar is geen Bybelskool gedurende die vakansie nie.
Die Bybelskool hervat weer op 7 Oktober.

INTERKERKLIKE GEBEDSGELEENTHEID

Die volgende saambid geleentheid is op **Sondag 7 Oktober om 15:30 in die VG Kerk in Proteadorp.** Kom neem deel daaraan en ondervind die seën van die eenheid van gelowiges oor kerkgrense heen.

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS.

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.
Veral aan: Kelly Hanekom: BB3,
Ettienne Gouws: BB5 (☎9689), Lida Fourie: Bb1,
Du Toit van der Merwe: Sb1, Jan Nel: Sa1 (☎3358),
Johan Els: Sa1, Julian Luyt: Sb1 (☎3482), Petra Lourens: Sc1,
Hanlie van der Westhuizen: Sc1, Maria Human: Sc4,
Riti Turner KB1 (☎4917), Marianne Oosthuizen: KP.
Marita Grobler: KB1 (☎5821) wie se ma oorlede is en
Margie Schoeman: HK3.

.. **EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .**

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder wil ons die lidmate wat vandag verjaar, gelukwens:
Gerda de Beer (HK1), Ronel le Roux (Ba3),
Kobus Schreuder (PM5), Marius Schutzler (Sb2),
Sonja Viljoen (Sc4)

DIE WEEK SE AKTIWITEITE

Maandag	17:30	Hangklip basaarvergadering
Dinsdag	08:30	Dagbestuursvergadering
	18:30	Bid vir sendelinge, Geelhoutlaan 28
Woensdag	15:00	Vrouedienskomitee
Donderdag	15:00	Senior Burgers

WELKOM NUWE INTREKKERS

Bewys van lidmaatskap van die volgende persone is ontvang:

Elsabe Geldenhuys van Eldoraigne (PB2)
Monique Stals van Secunda (RE)
Tiaan en Maria Elizabeth Smit van Drakenstein (Paarl) (PM4)
Johannes Petrus en Gertruida Susanna Möller van Rouxville (Vrystaat) (PM5)
Johannes Nicolaas en Marianne Oosthuizen van Porterville (KP)
Dudley John en Johanna Margaretha Barry van Ceresvallei (Sa2)

GEBEDSFOKUS

Bid saam met die gebedsgroep

Ons bid vir almal wat siek is en hulle versorgers, almal wat geliefdes aan die dood afgestaan het.
Mag elkeen ervaar hoe ons Hemelvader hulle omvou met Sy krag, liefde en wonderlike Teenwoordigheid.

Ons bid vir kerkkantoorpersoneel, koster , klankmense en al die voorsangers en dank ons Heer vir hulle toegewydheid en wonderlike werk.

Ons sê ook dankie vir al die kerkraadslede, kommissies en dienswerkers en bid dat mense gedring deur Jesus se liefde hulle beskikbaar sal stel om vakatures te vul.

Ons bid vir die kinders in kinderhuis, al die kleuterskole. Bid vir hulle wat meesal geen sekuriteit en liefde ervaar nie- asook almal wat in hulle lewens belê.

Aanbidding is baie belangrik -aanbidding is iets wat uit mens se hart kom. Dit is die nader kom na die liefdevolle God omdat jy deur Hom oorweldig is; omdat jou hart deur Hom aangeraak is; omdat jy van harte na Sy Teenwoordigheid verlang.

Heer met die liefdevolle hart,
maak my hart ook so;
Heer met die sagte hande,
laat my aanraking ander vertroos;
Heer met die gewillige voete,
stuur myne in die rigting
waar iemand op hulp wag.
Here, maak my so deursigtig
dat mense skaars van my sal weet.
maar agter my vir U sal sien.
- Anoniem

ONS GEMEENTE WOEL

Heelwat woekerpogings word in die volgende ruk gehou. Dis wonderlike nuus vir huisvrouens wat ’n slag iemand anders se kos kan eet!

Vrydag 5 Oktober

WEGNEEM-ETE

Op Vrydag 5 Oktober hoef lidmate nie self kos te maak nie, maar kan ’n heerlike hoender-maal as ’n wegneem-ete koop.
Die organiseerders sê hulle wil lidmate bederf met

- ’n warm kwart hoender
- 2 slaaie
- Broodrolletjie

Dit kan tussen 17:00 en 19:00 gekry word:
Kleinmonders by die kerksaal
Lidmate in Bettysbaai en Pringlebaai by die sentrum
Lidmate in Rooiels by Drummond Arms
Kaartjies nog net vandag (Sondag) beskikbaar.

Woensdag 10 Oktober

Die gereelde jaarlikse Bring-en-Deel byeenkoms van Kleingroepe vind op 10 Okt. 2018 om 18:30 in die Kerksaal plaas.

Die spreker is prof Louis Jonker van Stellenbosch. Hy sal praat oor “Om nuut te dink oor God”.

Die wenresep van die verlede word weer gevolg:

- Elke groep bring een warm gereg, slaai en poeding, genoeg vir hulle groep plus ietsie ekstra vir genooide gaste
- Elkeen bring haar/sy eie, borde, eetgerei, drinkgoed (wyn/koeldrank) en ’n koppie vir tee/koffie.
- Almal skep van die kos, slaai en poeding wat sentraal uitgepak word. Onthou die opskeplepels.

Lekker vars brode en tuisgemaakte konfyt sal voorsien word.
Bel gerus vir Nico Jacobs (083 415 1947) indien meer besonderhede verlang word.

Vrydag 19 Oktober

As deel van die gemeente se verjaardag is daar ’n heerlike gemeente-ete in die vorm van ’n steak-braai. Kaartjies is by die blokouderlinge en die kerkkantoor beskikbaar.
Vir R100 kry jy 300g steak, bykosse en nagereg.
Jy gaan heerlik eet en gesellig kuier.

Vrydag 26 Oktober

Jy het die keuse van lasagne en slaai vir R45, Kerrie-vetkoek teen R30 of ’n boerewors-rol teen R20. Kaartjies is by die wyksouderlinge van Klein Berlyn of die kerkkantoor beskikbaar. Dis ’n lekker kuieraand in die kerksaal vanaf 18:00. Of as jy verkies om dit weg te neem, kan jy van 17:00 af jou kos kom kry. Koop jou kaartjie voor 23 Oktober en kom geniet die aand.

Saterdag 3 November

Ons hou almal lekker basaar by die Hangklip sentrum!

Sondag 11 November

Palmiet gee teen 12 uur ’n lekker Sondagmaal in die kerksaal teen R60. Kom eet lekker saam aan sondag-lasagne en slaai en nagereg. Kaartjies by die wyksouderlinge in Palmiet en die kerkkantoor beskikbaar.

Vrydag 23 November

Op Vrydag 23 November is daar voedsel vir die siel. Dan sing die Con Spirito-koor vir oulaas hul harte uit. Dit is ’n program van ou gunstelinge, geestelike- en Kersmusiek. Kaartjies is by die kerkkantoor en Albertyn Apteek beskikbaar. Die konsert is ten bate van die boufonds.

UIT DIE BEEK

Plaas nou reeds jou bestelling vir die UIT DIE BEEK van 2019. Barend Vos is die skrywer. Jy kan dit by die kerkkantoor bestel teen R160. In die handel kos dit R185.